


Valutaverwarring

Ten tyde van hierdie skrywe het die rand teen R8.15/\$, R12.85/€ en R16.40/£ verhandel. Dit het sedert 1 November 2007 met onderskeidelik 21%, 32% en 18% teenoor hierdie geldeenhede verswak. Onderstaande grafiek toon dat die onlangse bewegings van die rand baie dieselfde is as dié gedurende die vorige senuagtigheid in opkomende markte in die middel van 2006.



Terselfdertyd verhandel goud teen \$1 024 per ons en platinum teen \$2 000 per ons. Indien hierdie vlakke gehandhaaf word, sal Suid-Afrika se ruilvoet beduidend verbeter en sal die tekort op die lopende rekening in 2008 tot minder as 6% van BBP krimp, ondanks die negatiewe impak van kragtekorte op mynbouproduksie. Hierdie verwikkelings sou normaalweg 'n verstewiging van die wisselkoers van die rand tot gevolg hê.

In die afgelope maande was die rand ook aansienlik swakker as die geldeenhede van ander lande met groot tekorte op hul lopende rekening, soos Hongarye, Turkye, Australië en Nieu-Seeland. Om sake verder te verwar, is die merkbare verswakking van die rand in skerp teenstelling met die appresiasie van die geldeenhede van ander kommoditeitsproduserende lande soos Brasilië en Chili.

Wat kan ons hieruit aflei?

Dit is duidelik dat die rand die stampe en stote van die eb en vloed van internasionale kapitaalbewegings moet verduur, en 'n mens behoort dus te fokus op die oorsake van veranderinge in die rigting en omvang van hierdie vloei.

Eerstens is die lotgevalle van die rand onlosmaaklik verweef met die skommeling in wêreldwye risikovermyding. Die heersende hoë vlak van onsekerheid word weerspieël in die voortdurend wisselende takserings van die graad van erns van die krisis in die bankstelsel, en van die waarskynlikheid van 'n resessie in die VSA. Negatiewe veranderinge in sentiment veroorsaak dat die dollar verswak en kommoditeitspryse prys, maar die implisiete verswakking in risiko-aptit veroorsaak steeds 'n depresiasie van die rand. Positiewe veranderinge het natuurlik die teenoorgestelde uitwerking.

Tweedens word die wisselkoers van die rand klaarblyklik gedryf deur bykomende faktore eie aan SA. Dit is opvallend dat die depresiasie van die rand vanaf die middel van Januarie beduidend versnel het. Twee faktore wat waarskynlik hier 'n rol speel, is die toename in politieke onsekerheid ná die verandering in die ANC-leierskap en die negatiewe impak van die kragvoorsieningskrisis op ekonomiese bedrywigheid.

Wat die politieke onsekerheid aanbetref, moet ons aanvaar dat dit eers ná die algemene verkiesing in 2009 en die daaropvolgende inhuldiging van SA se nuwe president ten volle opgelos sal word. Die samestelling van die nuwe kabinet sal fyn dopgehou word vir enige tekens van 'n moontlike beleidsverandering.

Verwagtinge aangaande ekonomiese groei vir 2008, asook projeksies van maatskappywins, is reeds afwaarts aangepas, met gevolglike netto verkope van SA aandele deur buitelandse beleggers. Wat egter belangriker is, is of dit slegs 'n kortstondige verskynsel is en of SA se groeivoorsigte op mediumtermyn geskaad is. Buitelandse portefeuljebeleggers het hul historiese ondergewigposisie in SA aandele begin verminder slegs toe hulle aanvaar het dat SA die groeiverskil tussen hom en sy portuurgroep in die opkomendemarkte-opgewing verklein het. Indien hulle besluit dat die verskil weer groter gaan word, kan hul vlug uit SA se aandelemark momentum kry.

Die swakker rand sal waarskynlik geruime tyd voortduur. 'n Sterker dollar kan paradoksaal met 'n sterker rand gepaardgaan, aangesien dit 'n teken sal wees dat normaliteit na finansiële markte terugkeer het.